VRYSTAAT LANDBOU
FREE STATE AGRICULTURE

# OPROEP!

## NA DIE

## 2026 JAARKONGRES

## 5 EN 6 AUGUSTUS 2026



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

VRYSTAAT LANDBOU
FREE STATE AGRICULTURE

**AAN:** **VRYSTAAT LANDBOU AFFILIASIES; LANDBOUBESIGHEDE; WAARNEMERS VAN INSTANSIES / ORGANISASIES; MEDIA, BORGE & UITSTALLERS**

## ***OPROEP:*** *JAARKONGRES VAN VRYSTAAT LANDBOU OP 5 EN 6 AUGUSTUS 2026*

# TEMA
# Saam vir 'n sterker landbou in die Vrystaat

***BESKRYWINGSPUNTE:*** ***26 JUNIE 2026***

****KONGRES:*** Registrasiedatum word gesien as die dag waarop geld in VL se bankrekening verskyn)

| | |
|---|---|
| ***SPESIALE KORTING OP VROEë REGISTRASIE:*** | ***Tot 3 Julie 2026 @ R670.00 p/p*** |
| **LAAT REGISTRASIE:** | **6-24 Julie 2026 @ R720.00 p/p** |

**WEENS BEPERKTE SPASIE SAL NIE-LEDE ONGELUKKIG NIE GEAKKOMODEER KAN WORD NIE.**

***AANDFUNKSIE:**

| | |
|---|---|
| ***SPESIALE KORTING OP VROEë REGISTRASIE:*** | **Gratis vir VL-lede, maar alle gades/metgeselle betaal R240 p/p (indien die betaling voor 3 Julie 2026 in VL se bankrekening verskyn).** |
| **LAAT REGISTRASIE:** | **6-24 Julie 2026 @ R300.00 p/p** |

**WEENS BEPERKTE SPASIE SAL NIE-LEDE ONGELUKKIG NIE HIERDIE JAAR GEAKKOMODEER KAN WORD NIE**

**DAMESOGGEND:**
Geen damesoggend word aangebied nie.



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

## 1. KONGRESDATUMS

Die Jaarkongres van Vrystaat Landbou vind op 5 en 6 Augustus 2026 in Bloemfontein by MONTE BELLO ESTATE.

### WOENSDAG, 5 AUGUSTUS 2026

**DAG 1: KONGRES: Monte Bello Estate,** Bloemfontein (GPS Koördinate: 29° 03' 51.68 S, 26° 10' 04.58 E).

**Registrasie: 08:00 – 09:00**
Opening & Verwelkoming
Huishoudelike sake:

- Beskrywingspunte
- Finansies
- Nominasie vir Streekverteenwoordigers (Gelyke streke sowel as vakante streke)

**Registrasie vir Gaste, borge en media**: 10:00 – 11:00

### WOENSDAGAAND, 5 AUGUSTUS 2026

**AANDFUNKSIE**: **Leopards and Lace**, 9 Sterling Avenue, Spitskop, Bloemfontein. (GPS Koördinate *29°04'52.6"S | 26°09'50.8"E*

**Program: 18:00 vir 18:30**
Groete boodskap: Hoofborg
Oorhandiging van oorkondes en eerbewyse
Aanwysing van Beste Landbouvereniging van die Jaar
Aanwysing van Junior en Senior Streekverteenwoordiger van die Jaar

### DONDERDAG, 6 AUGUSTUS 2026

**DAG 2: KONGRES : Monte Bello Estate, Bloemfontein**

**Registrasie (vir persone wat nie vorige dag geregistreer het nie): 07:30 – 08:00**
Opening
Hoofspreker (Callie Roos)
Strategie en mandate

## 2. SPERDATUMS VIR KONGRES

Let asseblief op die onderstaande belangrike datums wanneer bepaalde inligting en dokumentasie by die kantoor ingedien moet wees! Weens administratiewe reëlings kan



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

***Kongresstukke SLEGS aan die afgevaardigdes wat voor of op die sperdatums geregistreer het, per epos gestuur word***. Diegene wat nie betyds registreer nie, sal ongelukkig die kongresstukke by die kongres ontvang.

***26 JUNIE 2026*** **BESKRYWINGSPUNTE**

Die Agendakomitee vergader die tweede week in Julie 2026 en sal die beskrywingspunte oorweeg, waarna die Kongresprogram aan afgevaardigdes en affiliasies gestuur sal word.

Die beskrywingspunte wat van affiliasies ontvang word, moet asseblief duidelik omskryf en gemotiveer word. Met so 'n optrede sal die Agendakomitee die beskrywingspunte sinvol vir opname in die sakelys kan oorweeg.

Beskrywingspunte wat nie in die sakelys opgeneem word nie, sal afgehandel word deur met die persone en instansies wat daarby betrokke is, te konsulteer.

**Tot 3 Julie 2026** ***SPESIALE KORTING OP VROEë REGISTRASIE***

**6-24 Julie 2026** **LAAT REGISTRASIE**

Vul toepaslike aangehegte REGISTRASIEVORMS volledig in en epos dit terug na Vrystaat Landbou se kantoor tesame met registrasiegelde. Daar word ‘n beroep op u gedoen om betyds te registreer.

Let asb op die volgende artikels soos vervat in Vrystaat Landbou se Grondwet.

*Artikel 7.3.3*
*Minstens 10 (tien) dae voor die kongresdatum moet alle liggame wat kongres afgevaardigdes hul afgevaardigdes sowel as sekunde aan die Hoofamptenaar van Vrystaat Landbou stuur. ‘n Plaasvervanger wat aan al die vereistes van ‘n afgevaardigde moet voldoen kan te enige tyd skriftelik aangewys word. In uitsonderlike gevalle sal laat registrasies wel aanvaar word onderworpe aan die volgende:*

*7.3.3.1 Boete vir laat registrasie soos van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur bepaal*

*7.3.3.2 laat registrasies moet tydens die kongres aan die kongres voorgehou word en deur die kongres goedgekeur word.*



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

*7.3.4 Affiliasiegeld, asook waar toepaslik, persoonlike ledegeld en enige kongresgeld, moet vir die betrokke jaar ten volle betaal wees alvorens enige afgevaardigdes aan die Kongres mag deelneem of stemgeregtig sal wees."*

**2.1 BELANGRIK: Weens misverstande in die verlede word daar bevestig dat indien u geregistreer het en ons is in ontvangs van u registrasie, u ongelukkig verantwoordelik gehou sal word vir die kostes ongeag of u die geleentheid bywoon aldan nie.**

## 3. KONGRESSAMESTELLING

## NEEM ASB KENNIS!

Binne die struktuur van die verenigde landbou front berus die hoogste gesag by die Kongres van Vrystaat Landbou.

Die volledige samestelling van die kongres is vervat in Vrystaat Landbou se Grondwet, Artikel 7.1 en subartikels tot by 7.1.11

***Samestelling***

*Die President*
*Die Vise-president*

*Verteenwoordigers van geaffilieerde landbouverenigings wie se persoonlike ledegeld betaal is, op 'n basis van een verteenwoordiger vir elke 30 volopbetaalde lede of gedeelte daarvan;*

*1 (een) verteenwoordiger per geaffilieerde gebiedsbestuur (distriksboere-unie) wie se persoonlike ledegeld betaal is;*
*1 (een) verteenwoordiger per geaffilieerde streekbestuur (streekverteenwoordiger) wie se persoonlike ledegeld betaal is; (LW die president, vise-president, streekverteenwoordigers en gekoöpteerde lede se kongresfooi word deur die administrasie van Vrystaat Landbou gedelg);*
*2 (twee) verteenwoordigers van elke geaffilieerde landboubesigheid wie se affiliasiegeld betaal is en wat óf direkteure en lede van 'n landbou-vereniging, óf hoofamptenare van die landboubesigheid moet wees;*
*3 (drie) verteenwoordigers van elke geaffilieerde nasionale of provinsiale bedryfsorganisasie wat by VL geaffilieer is en wie se ledegeld betaal is wat lede van Vrystaat Landbou moet wees;*
*2 (twee) verteenwoordigers van elke komitee van Vrystaat Landbou;*
*2 (twee) verteenwoordigers van elke junior landbouvereniging met volle deelname aan besprekings maar sonder stemreg;*



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

*Alle gekoöpteerde lede soos deur die Dag- of Uitvoerende Bestuur goedgekeur; en Erelede en gaste deur die President of Uitvoerende Bestuur uitgenooi met deelname aan bespreking, maar sonder stemreg;*

**Niemand kan as ampsdraers (president, vise-president en streekverteenwoordiger) verkies word, tensy so 'n persoon 'n afgevaardigde na die VL-Jaarkongres is en sy ledegeld op datum betaal is nie.**

## 4. INLIGTING

**REGISTRASIE- EN KONGRESGELDE VAN AFGEVAARDIGDES**

**Kongres:** R670.00 p/p vir altwee dae indien u voor 3 Julie 2026 registreer en betaal.
**Laat registrasie vir Kongres:** R720.00 p/p vir altwee dae indien u tussen 6 en 24 Julie 2026 registreer en betaal.

**Aandfunksie:** Gratis vir VL-lede en alle gades/metgeselle betaal **R240 p/p** indien voor 3 Julie 2026 registreer en betaal.
**Laat registrasie vir aandfunksie:** **R300.00 p/p** indien tussen 6 en 24 Julie 2026 registreer en betaal.

Die kongresgeld sluit kongresstukke, tee, verversings en middagete in.

***KONGRESGELDE MOET ASB REGISTRASIEVORMS VERGESEL***

## 5. BAIE BELANGRIK! : EPOSADRESSE

Kontroleer asseblief die epos-adresse van afgevaardigdes aangesien die kongresstukke aan hulle per epos gestuur word. Kongresstukke wat na verkeerde adresse gestuur word skep dikwels probleme.

## 6. GRONDWET

Kennisgewing van voorgestelde wysigings deur geaffilieerde lede moet die Hoof Uitvoerende Beampte van Vrystaat Landbou minstens 90 dae voor die datum van kongres bereik.

## 7. NAVRAE

**ALGEMEEN: KONGRESREëLINGS, BORGSKAPPE, UITSTALLINGS**
Skakel Elana Bester tel (051) 4444 609 of 082 643 9875.



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

VRYSTAAT LANDBOU
FREE STATE AGRICULTURE

**REGISTRASIE VAN KONGRES EN AANDFUNKSIE,  AFGEVAARDIGDES EN LEDEGELDE**

Skakel Cynthia Troost tel (051) 4444 609 of 082 4544 024.

## 8. LANDBOUVERENIGING VAN DIE JAAR KOMPETISIE

Ons herinner graag al die Landbouverenigings aan die Landbouvereniging van die jaar Kompetisie. Die **Sluitingsdatum** vir inskrywings is **3 Julie 2026** en ons wil u graag versoek om by wyse van deelname aan hierdie kompetisie ook u boerevereniging en die belangrike werk wat gedoen word, blootstelling te gee.

U samewerking sal tot 'n suksesvolle kongres bydra en ons sien daarna uit om u daar te sien!

Vriendelike groete

Francois Wilken
President



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300